National Archives of Namibia

CONF/0002, 70

# Die Nasionale Grondhervormingskonferensie En Die Grondvraagstuk In Die Republiek Van Namibië

*Toespraak Deur Kaptein Daniel Luipert Van Die Swartboois.*

Meneer Die Voorsitter, Die Agbare Eerste Minister, Diplomatieke Verteenwoordigers, Dames En Here,

Dit is 'n algemene bekende feit dat Namas as deel van die bevolking in hierdie land gelei het onder die koloniale heerskappy/en een van daardie groepe in hierdie land is wat as gevolg van die geskiedenis swaar gekry het. Dit kan nie ontken word nie dat ons as gevolg van koloniale oorheersing groot verliese gelei het ten opsigte van grond in hierdie land, wat in sommige groepe se geval nie gesê kan word nie. Daarom is dit vir ons 'n geskiedkundige geleentheid om aan so 'n konferensie soos hierdie deel te neem. Dit ter aansluiting.

Maar meneer die Voorsitter as ons te veel in die geskiedenis gaan delf, sal daar waarskynlik nie veel van 'n oplossing daaruit vloei nie. Dit sal waarskynlik die probleem net vererger. Daarom wil ons ons meer beperk tot die huidige situasie in die land.*

Maar voor ek verder daarop ingaan, laat my toe om te bewys dat daar groot onreg aan ons groep, naamlik die Swartboois, gedoen is, eers deur die Duitse regering as die koloniale mag en daarna deur die Suid-Afrikaanse regering. Ons voorvaders is die afstammelinge van

~~Suid-Afrikaanse regering~~. Ons voorvaders is die afstammelinge van die Rooinasie op Hoachanas wat vir hulle self op 'n latere stadium op Rehoboth gevestig het. Met die inkoms van die Duitsers in hierdie land het die Namas saam met die Hereros weerstand gebied teen die Duitse bewind. Die verwoestende oorlog teen die Duitse bewind het daartoe gelei dat ons groep naamlik die Swartboois vir hulself op Fransfontein moet vestig waar die Duitse bewind reeds vir hulle (die Swartboois) 'n reservaat geskep het ongeveer in die jaar 1890; die gebiede wat ons reeds in die jare 1820 tot 1880 besit en bewoon het, het verlore gegaan.

Nieteenstaande die grondverliese in die Duitse tydperk, het die ~~boere~~ S A. Regering ons grond so vervreem dat ons ongeveer in die tydperk van 1936 'n rapsie van om en by 56 000 hekaar grond oorgehad het. Asof dit nie genoeg was nie, is met die stigting van die destydse Welwitchia-dorp (Khorixas) ons grond verder verminder tot ongeveer 34 000 hektaar. Die laaste onreg was met die implementering van die Odendaal Plan dat ons reservaat, Fransfontein, as deel van Damaraland geproklameer is en pogings aangewend is om ons mense na Namaland te probeer verskuif, 'n poging wat toe nie geslaag het nie. Die mense het steeds hulself op Fransfontein gevestig.

Met ons verdere bemoeienisse met die Suid-Afrikaanse regering kon ons daarin slaag om vir onsself plase aangrensend aan die Fransfontein reservaat te bekom wat oorspronklik ons grondgebiede was. Dit is teen hierdie agtergrond dat ons vandag vir ons by hierdie konferensie bevind.

Dit is met groot blydskap dat ons in 'n onafhanklike Namibië, met ons ~~gebore~~ gekose Regering, onder die Premierskap van die Agbare mnr. Hage

Geingob oor die grondkwessie en grondgervorming kan beraadslaag.

Omdat ons opbouend wil bydra tot die grondkwessie, lyk dit vir ons dat ons die huidige situasie tot grondbesit as vertrekpunt sal gebruik. Volgens ons siening het ons twee maniere hoe die grond in ons land besit en benut word, naamlik kommersieël en gemeenskaplik.

Die gevolg hiervan is dat die kommunale gebiede agter gebly het ten opsigte van ontwikkeling. In die onafhanklike Namibië verstaan ons dit as die hoogste prioriteit van die regering om gemeenskaplike boere te ontwikkel. Dit kan gedoen word deur die kommunale gebiede so ver moontlik in ekonomies lewensvatbare eenhede op te deel en te ontwikkel.

Boere wat ekonomies aan die swak kant trek, kan deur die Regering met lenings teen lae rentekoerse bygestaan word om private grond te bekom. Hier kan die beginsel van Regstellende Aksie (Affirmative Action) toegepas word om die agtergeblewe deel van die bevolking op te hef.

Hierdie is, onder meer, 'n paar gedagtes wat kan verhoed dat groot gedeeltes grond opgekoop word soos met die gewraakte Odendaalplase wat op hul beurt weer aan mense toegeken word. 'n Herhaling van hierdie mislukte formule kan die land ekonomies onherstelbare skade berokken en moet as waarskuwing dien.

Dit moet egter in gedagte gehou word dat groepe soos Hereros, Namas, Damaras, ensovoorts, meer grond verloor het gedurende die

koloniale regimes in vergelyking met sommige ander groepe soos byvoorbeeld die Owambo, Kavango en die Capriviane.

Daarom hoort in hierdie besondere gevalle "Affirmative Action" op groepe wat meer grond verloor het van toepassing te wees.

25/06/91.
Kaptein: Swartbooi Gebied.